Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

*'n Politieke party eis lidmaatskap voor vriendskap. Hy wil slegs saamwerk met sy eie lede, en verder beveg hy alle nie-lede as volksvyande.*

# Die O.B.

*Die Ossewabrandwag soek vriendskap voor lidmaatskap. Hy wil saamwerk met volksgenote al is hulle nie lid van die eie organisasie nie, en daarom beywer hy hom vir 'n volksfront.*

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 15 AUG. 1945. No. 38.

# Eerste O.B.-Dagfunksies Skitterende Sukses

## GROOT VOORUITGANG BO 1944

**Die eerste uitslae van O.B.-dag-insamelings openbaar 'n groot kragverskuiwing in die rigting van die Ossewabrandwag. Dit moet vir vriend en vyand duidelik wees dat die Ossewabrandwag sterker as ooit uit die oorlogstryd getree het en op mars is na sy bestemming. Niks kan hom meer keer nie. Sy vyande het gehoop dat die verloop van die oorlog alle geesdrif vir die Beweging sou laat verkwyn, en dat sy lede maar weer sal terugval op die afgeleefde partypolitiek. Dit was dan ook op hierdie misvatting dat dr. Malan gebou het toe hy 'n paar maande gelede, vir die eerste keer sedert sy stryd teen die O.B., opdrag aan sy takke gegee het om alle O.B.-lede nou uit te skop. Dit sou saamval met die nederlaag van Duitsland en O.B.-lede sou dus gewillig wees om hul rug op die Volksbeweging te draai.**

Die eerste paar uitslae van 8 Aug.-vierings trek 'n dik blou streep deur hierdie berekenings. Die politici weet nou dat die Volksbeweging se koms onverbiddelik is. Hul dae van misleiding is getel. Die volk beweeg na die Ossewabrandwag. Dit getuig veral van die skitterende ondersteuning wat O.B.-funksies tot sover van die kant van die publiek geniet het. Mense wat nooit voorheen 'n O.B.-funksie wou ondersteun nie, het met gelag en vrolikheid opgedaag en bygedra tot die sukses.

Op Malmesbury het die basaar alleen 'n £40 meer opgelewer as verlede jaar, en Clanwilliam het trots ongunstige weer 'n vermeerdering van £50 getoon met sy funksie.

Die beste voorbeeld van groei is egter Robertson, wat in die verlede as 'n dooie punt vir die O.B. beskou is, soos getuig uit die volgende syfers: **In 1942 het die dorp slegs £7 ingebring met 8 Augustus. In 1943 was dit £35, verlede jaar £100 en met die funksie verlede Saterdag het 'n skitterende opkoms die resultaat van £200 opgelewer.** Gebiedsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl, wat as spreker opgetree het, het 'n mooi vergadering in die stadsaal toegespreek, en 'n groot aantal nie-lede het na sy uiteensetting van die O.B.-beleid kom luister.

**Die Kaapse Skiereiland het sy opbrengs van verlede jaar oortref met £488, deur die reuse-bedrag van £1762 in te bring. Die generaalskap van genl. P. D. Rousseau was verantwoordelik vir £929, vergeleke met £703 verlede jaar, en dié van genl. G. Retief vir £832, vergeleke met £570. Verdere besonderhede verskyn later.**

**Tulbagh se kommandantskap het £192 ingesamel, vergeleke met £80 verlede jaar — voorwaar 'n skitterende prestasie!**

Die Strand se Vroue-kommando het £138 ingebring in vergelyking met £113 verlede jaar.

### GROOT WELSLAE OP ROBERTSON

Gebiedsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl het in 'n besielende toespraak in die Robertsonse stadsaal op die aand van 3 Augustus, by geleentheid van O.B.-dagviering op die noodsaaklikheid van die bestaan van die Ossewabrandwag gewys. In breë trekke het hy aangetoon hoe die bloed-episodes van 1913 en 1922 op die Rand voortspruit uit 'n stryd om sosiale geregtigheid, hoe nasionalisme in hierdie stryd hand aan hand staan met sosialisme omdat dit toegespits is op maatskaplike hervorming en nie op maatskaplike verbrokkeling nie. Hierdie stryd, wat ook elders in die wêreld gevoer word, word sedert 1938 deur die Volksbeweging, die Ossewabrandwag, gevoer.

Op Robertson het die O.B. met 8 Augustus 1942 begin met £7, toe £23, toe £100 en vanjaar kan ons £207 opstuur, waarvan £35 met ons Boerejeug-basaar onlangs ingesamel is. Dit is ons antwoord op die uitskopbevel van die party-politici. (Ingestuur.)

## Kaapstad Breek Met NUSAS

As gevolg van die Nusas se onlangse besluit om ook Naturelle-kolleges toe te laat tot die organisasie, het die Kaapstadse Studenteraad verlede week 'n besluit geneem om te breek met Nusas en hom te beywer vir 'n nuwe Studente-organisasie wat alle blanke universiteite insluit.

# ONEERLIKHEID GEOPENBAAR VAN MOSKOU-AGENTE

## Klerewerksters is „Bastermeide" sê Kommunis aan O.B.-Redakteur

'n Kommunis het die redakteur van Die O.B. verlede week gebel en haarself 'n organiseerster van die Klerewerkersunie genoem. Sy het aan die redakteur gevra of hy weet dat die meerderheid van die Kaapse Klerewerkstersunie uit „bastermeide" bestaan. Die redakteur het geantwoord dat hy bewus is dat die vakunie vir 80 persent uit kleurlinge bestaan, waarop die kommunis geantwoord het: „Nou in daardie geval beskou ek dit 'n skande dat julle soveel publisiteit aan hulle verleen".

Hier het ons nou 'n treffende voorbeeld van die oneerlikheid van die Moskouse agente wat voortdurend met vrome praatjies van rasse-samewerking kom en die nie-blankes kamstig wil beskerm teen „kleurvooroordeel". Hulle doen dit net omdat dit 'n geleentheid vir aanhitsing bied in belang van hul politieke doel. Maar die oomblik as hulle self voordeel kan haal uit kleurvooroordeel, dan is hulle die eerste wat dit gebruik.

Nou kan die kleurlinge self sien met watter spel die kommuniste besig is. Omdat die klerewerksters van Kaapstad in die O.B. 'n bondgenoot vind in hul stryd teen die kommunistiese agente en kapitalistiese uitbuiting, probeer die kommunis nou 'n wig tussen hulle indryf deur vooroordeel teen die kleur van die werksters op te wek.

Ons kan die kommuniste die versekering gee dat hulle hul deerlik misgis. Net soos die Ossewabrandwag samewerking op staatkundige gebied nastrewe, net so strewe hy ook samewerking tussen die rasse van Suid-Afrika na, want hy weet dat die heil van die blanke sowel as die nie-blanke slegs afhang van welwillende samewerking tussen die rasse. Alleen deur samewerking kan die rassevraagstuk in Suid-Afrika opgelos word — maar nooit deur die rassestryd van die kommunisme nie, wat by nie-blankes raas teen die blankes en by die blankes skel op die nie-blankes.



BINNE 10 DAE

'N GESONDER MAN . . . .

BINNE 90 DAE

'N STERK MAN . . . .

of so nie betaal ek u lesgeld terug.



JOHAN HEFER

se duisende suksesse is

U WAARBORG

Seuns en jong mans verlang MOOI SPIERE en REUSE KRAG . . . .

Bejaarde mans verlang BLYWENDE GESONDHEID

JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike pryse. Maklike terme.

Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:

JOHAN HEFER
Hefer-Instituut — Bus 3494, Kaapstad.

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam ..............................

Adres ..............................

Ouderdom ..............

# Hongerlydendes Na Duitsland — Kos Na Engeland

## S.A. se Bydrae vir „Heropbou"

**Onderwyl die Geallieerdes se oorlogshof sy program nog agtermekaar sit om sogenaamde Duitse oorlogsmisdadigers te verhoor, is die Unie-regering besig om Duitse onderdane sonder verhoor te straf, net soos hy geruime tyd reeds sy Afrikaanse onderdane sonder verhoor vervolg.**

Byna twee maande gelede al het die Duitsers wat om een of ander rede tydens die oorlog geïnterneer is, kennis gekry dat hulle hul met hul gesinne en al moet voorberei om die land uitgesit te word. Dit heet glo „gerepatrieer te word na Duitsland" — hoewel talle van hierdie mense nog nooit in Duitsland was nie. Hulle is aangesê om van hul besittings tot 'n gewig van 100 pond in te pak en te wag op die bevel. **Vir byna twee maande reeds sit die manne in die kamp met slegs hierdie 100 pondpakkie. Al hul ander goed, o.a. gereedskap, is weggeneem.** Die vroue van hierdie manne is al byna histeries van bekommernis oor die gesondheid van hul mans en seuns wat in die bittere koue sonder die nodige verwarming moet kwyn. **Hulle is nie eens toegelaat om boeke te besit nie. Selfs die besit van 'n Bybel is hulle ook ontsê.** Dieselfde geld natuurlik ook vir die vroue buite die kampe, maar hierdie onmenslike optrede word soveel erger waar dit manne in 'n kamp geld, afgesny van die gemeenskap.

Hierdie optrede is niks meer as 'n klad op die beskawing nie, en is 'n simptoom van die ontbinding van die demokrasie. Binne die krakende dop van 'n skyn-demokrasie is 'n basilisk van haat en tirannie aan die uitbroei.

**Hierdie Suid-Afrikaanse Duitsers moet met £25 kontant en 'n bondeltjie van 100 pond gewig aan goedere 'n heenkome gaan soek in 'n Europa waarvandaan selfs die Geallieerdes 'n geweeklag opgestuur oor die hongerdood wat miljoene in die gesig staar. Dit moet glo Suid-Afrika se bydrae tot „Unrra" vorm — die sogenaamde hulporganisasie in besette gebiede.**


Na die uitgehongerde Europa stuur ons nog meer hongerlydendes — na Engeland stuur ons regering voedsel teen onder-kosprys, en dit heet glo staatsmanskap.

### WAENTJIES VERKOOP

Twee Boere-nooientjies van Stutterheim — soos hulle hulself noem — Paulina en Rebellina Petzer, 5 en 3 jaar onderskeidelik, skryf dat hulle hul ouers gehelp het om groente te plant en nat te maak, waarvoor hulle twee waentjies ontvang het. Dit het hulle by geleentheid van die K.G. se vergadering laat opveil en die bedrag van £2-3-0 ontvang. Die oudste enetjie het gesê dat dit moet gaan vir die dogtertjies wie se pappies in die kamp sit.



VAN RIEBEECK-TRUST
MAATSKAPPY BEPERK
SECURITY GEBOU (GRONDVLOER)
HECOOR GARLICKS
KAAPSTAD



**PLASE TE KOOP:**

KLAPMUTS: 40 morge, volop water, geen woonhuis, 40,000 wingerdstok, 690 appelkoosbome, 1 myl van stasie. Prys £4,000.

LADISMITH: 85 morge, woonhuis en buitegebou, eersteklas grond, sterk water, 7 myl van dorp en stasie. Prys £2,200.

VILLIERSDORP: 56 morge, goeie plaaswoning, volop water. Prys £2,400

PAARL en MALMESBURY: 20 plase, klein en groot, vanaf £2,000 tot £18,000.

RIEBEECK-KASTEEL en GOUDA: Plase vanaf £2,500.

SOMERSET-WES: Plase vanaf £4,500 tot £20,000.

TULBAGH: Plase vanaf £1,650 tot £3,500.

plase in CERES, WORCESTER, FRANSCHHOEK en verskillende ander distrikte.

CAROLINA-OOS, Transvaal: Pragtige natuurskone plaas in die vrugbaarste deel van Oos-Transvaal. Groot 1150 morge. Drie woonhuise op plaas, puik geboue en buitegeboue. Baie groot inkomste. Volop water. Prys baie billik.

**HOTELLE TE KOOP:**

HOTEL, 25 myl vanaf seekus. Omset £11,500 p.j. Prys £20,000.

Privaat Hotelle in KAAPSTAD, DIE STRAND, SEEPUNT. Goeie omset. Pryse vanaf £4,500 tot £9,000.

**ALGEMENE HANDELAARSBESIGHEDE:**

Vier te koop, £1,500 — £8,000.

**WONINGS:**

In KAAPSTAD en Voorstede, DIE STRAND en ander plekke.

**BOU-PERSELE:**

Van £90 — £350, BELLVILLE, PAARL, PLUMSTEAD, STRAND en ander plekke.

ONS REËL VERBANDE ! ! !

# Kimberley Skaar Hom Teen Partypolitiek

## Steun Aan O.B.-Sprekers

Op 'n offisiersvergadering gehou te Kimberley op 29 Junie, is besluit dat, aangesien die O.B. as organisasie talle pogings aangewend het om die volk tot 'n eenheid te kry in 'n parlementêre front, en selfs plaaslike aanbiedinge gedoen is tot toenadering wat deur die H.N.P. keer op keer met of sonder verwyte van die hand gewys is, genl. C. L. de Jager, Oom Naas Raubenheimer, genl. P. J. Grobbelaar en genl. C. B. Vorster die kiesers van Kimberley-distrik moet voorlig.

Genl. De Jager was afwesig weens dringende werksaamhede en Oom Naas weens siekte.

Die vergadering te Barkly-Wes was goed verteenwoordig van alle partye, en die houding is so duidelik gestel dat 'n prominente H.N.P. moes uitroep: „Dan is dit nou u doel om albei partye dood te maak?"


Die antwoord was: „Hoe eerder hoe beter".

**Selfs lede van die H.N. Party het na die vergadering te kenne gegee dat hulle nie langer aan die partyverdeeldheid gaan deelneem nie.**

Geslaagde vergaderings is verder gehou op Douglas, Modderrivier, Vlakwater en Berg. Op al die vergaderings het 'n pragtige gees geheers, al was dit verteenwoordigend van verskeie partye. Die sprekers is baie goed ontvang en na die vergaderings ondervra deur lede van ander partye. Buitengewone instemming is oor die algemeen betuig met die O.B.-standpunt. Dit is duidelik dat lede van die twee partye sat en moeg is vir die party-politiek. Selfs 'n voorsitter van die Verenigde Party het gesê dat ons standpunt die enigste regte is.

### NET STEMME

Genl. Grobbelaar het beklemtoon hoe die O.B. se voorspelling dat die wêreld sosialisties word, bewaarheid is. Binne twee maande na die einde van die oorlog het Engeland self sosialisties geswaai. Die keuse is net of dit kommunistiese of nasionale sosialisme gaan wees. **Hy het voortgaande aangetoon hoe partye net stemme tel en volgens jy jou stem uitbring,**



Genl. GROBBELAAR

**word jy beoordeel as 'n goeie of slegte Afrikaner.**

Die O.B. daarenteen glo dat sy mede-Afrikaner wat verkeerd stem, nog nader aan hom is as die vreemdeling wat reg stem.

Die verskil tussen partybestuur en die O.B. kan in twee voorbeelde gestaaf word:

**Oud-stryders van die Tweede Vryheidsoorlog wag vandag — nadat daar 'n tienjarige tydperk van nasionale regering was — nog op hulle regmatige deel. Die O.B. daarenteen het sy stryders deur dik en dun gedra en £70,000 in drie jaar versamel om hulle te versorg.**

Veertig jaar van party-regering in Suid-Afrika het 'n bate nagelaat van ± 500,000 armblankes — kinders van die Voortrekkers. Hoelank moet dit nog duur? As ons volk nie ontwaak en eenheid as 'n nasie kry nie, sal hy sy vryheid en reg nooit sien nie.

As sewe pogings van die O.B. vir samewerking met die H.N.P. om partypolitieke redes verongeluk is, hoelank moet ons nog aanhou? Laat ons terwille van selfbehoud en vryheid bymekaar kom en alle partye in Suid-Afrika vernietig.

Sosialisme — „ek is my broer se hoeder" — is ons enigste redding, en dit is die O.B.

**Veg vir die behoud van jou broer — nie jou party nie.**

### GEWEIER

Genl. Vorster het verduidelik hoe dat hy vier agtereenvolgende pogings aangewend het om met die H.N.P. tot 'n vergelyk te kom, om sodoende gesamentlike optrede by die eleksie te verkry, maar dat die H.N.P. elke keer geweier het met hulle sienswyse van òf H.N.P. òf niks.

**As die saak as volksaak sou be-**



Genl. VORSTER

**skou en behandel word, sou die regering waarskynlik al vier neerlae in Kimberley gely het, maar omdat die H.N.P. alleen vir homself werk, het die regeringsbeleid vier keer geseëvier.**

Verder is daarop gewys dat die demokratiese parlementêre stelsel soos ons dit vandag het, 'n verwerking is van die Lyttelton-konstitusie van 1906 — 'n konstitusie wat in Brittanje deur Britte vir die Transvaal opgestel is, en bedoel was om ons volk verdeeld te hou.

**Die partye het die volk, wat as 'n organiese geheel behoort te leef en op te tree, tot so'n mate verdeel, dat die Afrikaner nooit tot sy reg sal kom nie — omdat in elke stryd wat ontstaan, ons volk teen homself sowel as teen sy vyande moet veg.**

Daarom wil die O.B. die partystelsel met wortel en tak uitroei, sodat ons volk sy eenheid kan vind en tot sy reg kan kom.

# Europa Skuif Reg Vir Volgende Oorlog

## ENGELSE BLAD OOR STALIN SE SPEL

**Daar is geen vrede nie. Dit is die refrein wat opklink bo al die praatjies oor wêreldvrede en oorwinning. Onderwyl die Geallieerde nuusdiens die demokratiese volke aan die slaap probeer sus oor die vreedsame toekoms wat voorlê en die groot vriendskap met die sagaardige edelman, generalissimo Stalin, word daar in Europa voorbereidings op oorlog getref, wat laat dink aan die vooroorlogse jare. Dit is die slotsom waartoe persone geraak wat 'n besoek aan Europa aflê.**

Hierdie bevindings word egter nie in baie wye kringe gepubliseer nie. Dit sal nog teveel van 'n skok wees vir die demokratiese volke wat moes oorlogvoer om oorlog vir goed uit te skakel, en 'n demper wees vir die vredesywer wat besig is om „die bron van alle oorlog," nl. die Duitse militêre staf en Duitse nywerhede, uit te wis. Nogtans is daar kringe in Engeland wat besorgd voel oor die vrede van die wêreld, soos blyk uit 'n oorsig van buitelandse gebeure in die Engelse blaadjie Review of World Affairs. Daarin word verwys na „eienaardige toesprake" in Europese lande. Dit lui:

**„Baie snaakse dinge gebeur. Niks is meer eienaardig — en word minder publisiteit aan verleen — as die merkwaardige feit dat daar in verskeie dele van Europa 'n groot mobilisasie van manne aan die gang is en verreikende planne vir militêre opleiding nie. Dit is verstommend om so kort na die wapenstilstand in Europa te verneem van groot kommanderingsmaatreëls in plaas van demobilisasie."**

### „TYD KORT"

Daar word verwys na die oproep van die Tsjeggiese militêre stafhoof op 20 Mei in die volgende bewoording:

**„Die organisering, bewapening en opleiding van die nuwe leër sal ooreenstem met die Rooi Leër . . . . Alleen sodoende sal dit vir die nuwe Tsjeggiese leër moontlik wees om ten volle gebruik te maak van die Rooi Leër se oorlogsondervinding, en om sonder tydsverlies saamgestel te word. Ons tyd is kort. Die toekoms mag ons nie onvoorbereid vind nie. Ons leër is bestemd om te veg."**

Die blad vra waarvoor moet hulle bereid wees en vir watter doel word die leër op die been gebring, en voeg daaraan toe dat ook die Albaniese leër 'n paar weke tevore openlik oor die draadloos propaganda in dié rigting gemaak het.

### TEEN WIE

Teen wie hierdie voorbereidings getref word, blyk uit die toesprake van die politici. Die minister van inligting in die Tsjeggiese kabinet het hom as volg uitgelaat oor die vyande van sy regering:

**„Wie ook al teen die kommuniste is, is 'n Duitse agent en 'n vyand van die Republiek . . . . voormalige politieke partye soos die Boere- en Nasionaal-demokrate, wat deur ons regering verbied is, sal nooit weer herleef nie. Die film-nywerheid, die pers en die publisiteitsondernemings en die radio is onder staatsbeheer geplaas."**

**Inderdaad is hierdie vertakkinge onder beheer van twee kommunistiese ministers.**

'n Waarnemer in een van die Europese lande, waarvan die naam verswyg word om veiligheidsredes, skryf:

**„Die dinge wat ek hier gesien het herinner my aan Nazi-Duitsland voor die uitbreek van die oorlog. Van die . . . . wat alle sake beheer, tot skoolkinders wat in die strate marsjeer onderwyl hulle volksliedere sing — al hierdie tonele en nog meer herroep die onaangename herinneringe van die verlede.**

### STALIN SE SPEL

Die blad kom tot die gevolgtrekking dat Stalin besig is om vir 'n magsposisie reg te skuif, maar dat hy op die oomblik 'n oorlog met die Angel-Saksiese lande wil vermy tot tyd en wyl hy die magsewewig in Europa radikaal vernietig het. Om een of ander rede is Rusland op die oomblik nie begerig om in 'n oorlog met die weste te geraak nie, **en daarom stel hy alles in die werk om eers soveel invloed as moontlik oor 'n groot deel van Europa uit te oefen, waaronder ook Duitsland, en om te verhoed dat daar 'n blok gevorm word wat met die Angelsaksers sal simpatiseer. Op die oomblik maak hy gebruik van die kommunistiese party om hierdie doel te bereik,** aldus die blad.

In hierdie verband is dit dan ook opmerklik met watter ywer die Russe toelaat dat politieke partye in sy besette gebiede gestig word, mits hulle kommunistiesgesind is. So het 'n beriggewer van die Argus by voorbeeld kort gelede verklaar dat hierdie party-stigting die grootste probleem vir die Angel-Saksers oplewer. **Stalin, het hy gesê, het in elke land en ook in Duitsland kommuniste wat in die eerste plaas kommuniste is en eers in die tweede plaas nasionaliste, d.w.s. Duitsers. Hulle eerste trou is teenoor Moskou, en daarom kan hy hulle toelaat om in Duitsland politieke organisasies in die lewe te roep. En hulle bedrywighede word uitgebrei tot in die dele wat deur die Amerikaners en Britte beset word. Laasgenoemdes daarenteen het nie sulke vyfdekolonners in belang van die demokrasie nie. Die Duitse demokraat is in die eerste plaas Duitser en in die tweede plaas demokraties. Laat die Angel-Saksers toe dat hierdie demokrate partye stig, sal hulle dus van geen waarde vir Engeland of Amerika wees nie.**

Die reeds genoemde blad verklaar dan ook dat daar gepraat is oor Duitsland se voorliefde vir Trojaanse perd-metodes (vyfdekolonnebedrywighede), maar dat dit kinderspel is vergeleke met Rusland se stelsel van ondersteuners in elke land wat vir hom van belang is.

Ondanks die vernietiging van die Duitse militêre staf dus, is die wêreld besig om stelling in te neem vir die nuwe oorlog.






# Een Min Een Is Nul

## Min Lawrence Kry Antwoord Uit

Soos die swaap wat sy tou langer wil maak deur agter 'n stuk af te sny en dit voor aan te las, is min. Harry Lawrence vandag besig om die werkloosheidsvraagstuk op te los. Verlede week het hy in Johannesburg erken wat die publiek al 'n paar maande lank weet, nl. dat hy duisende mense werkloos stel ten einde duisende oud-soldate aan werk te help.

In 'n toespraak het hy gesê dat die regering aan 40,000 blankes wat nog in die leër is, werk moet verskaf. Daarbenewens het 6,000 manne gevra dat hulle aan grond gehelp moet word om te kan boer.

„Ons meen dat ons vir hierdie mense werk sal kan vind, maar daar is 'n bykomende vraagstuk — om werk te vind vir diegene wat verskuif word om vir oud-soldate en oorlogswerkers plek te maak. Al het ons dan vir die manne in die leër werk gevind, sal ons nie uit die moeilikheid wees nie", het die Minister met oosterse wysheid verduidelik.

Daar is darem dié vordering in min. Lawrence se reeks aankondigings nou te bespeur dat hy uiteindelik besef dat om werk van een weg te vat en dit aan 'n ander te gee, ook 'n vraagstuk skep, en dat hy dan maar nog in die moeilikheid sal wees.


**Paarl Monumente-Werke**
(Eien.) Bpk.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:
L. A. B. Bohlmann — M. Bohlmann

Gevestig 1898


*'N MOOI LEERSAK*
*is baie belangrik*
*by u uitrusting.*
*Kry dit by*

Steyns

Die Dames-Winkel
PAROW

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.**
**Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.**

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke




Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK.,
Posbus 1160 . . . . KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 15 AUG. 1945.

# Wat Kimberley Gaan Beslis

Mense wat O.B.-lede in Kimberley-distrik op 15 Junie uit hul geledere geskop het, kla nou steen en been dat hierdie O.B.'s nie vir hulle op 5 September wil gaan stem nie. Die rede waarom verwag word dat die O.B.-lede vir die H.N.P.-kandidaat moet stem, is glo dat verhoed moet word dat genl. Smuts se kandidaat inkom.

**Maar as dit so'n groot skade vir Suid-Afrika sal wees as genl. Smuts 'n nuwe parlementslid kry in die plek van die oue wat afgesterf het, dan lê die eerste plig by dr. Malan om so'n beleid teenoor die O.B. te volg dat dit moontlik sal wees om vir sy kandidaat te stem.** As die wêreld sal vergaan omdat genl. Smuts 'n enkele nuwe ondersteuner in die plek van 'n ou ondersteuner kry, dan is dr. Malan mos meer verantwoordelik vir die vergaan van die wêreld as die O.B.-lid wat op 15 Junie deur hom uitgeskop is en wat nou nie te gretig is om dr. Malan se kandidaat te gaan steun, oor wie hy geen seggenskap as lid van die H.N.P. mag hê nie. Dit is mos darem logies.

Deur mense op 15 Junie uit die H.N.P. te skop omdat hulle lid van die Ossewabrandwag is, onderwyl daar 'n tussenverkiesing hangende was, het dr. Malan egter getoon **dat hy self nie glo dat die voortbestaan van Suid-Afrika van die setel Kimberley-distrik afhang nie.**

## TOT BESINNING

Vir die Ossewabrandwag en die Afrikanervolk is dit egter van baie groot belang wat in Kimberley-distrik gebeur. **En dit is die belangrikste aspek van die hele tussenverkiesing** — veel belangriker as die vraag of genl. Smuts dan wel of dr. Malan een stemvee in die praathuis meer gaan kry — **dat dr. Malan voor 'n algemene verkiesing tot besinning gebring moet word.**

Die dae van partypolitiek is getel. Die volk is moeg en sat vir hierdie soort burgeroorlog waarin volksgenote eerder beveg word as vyande. **Ons het 'n nuwe stelsel van volksamewerking nodig, en dit sal jy nooit kry langs die weg van die partypolitiek nie. Dit dryf net groter wigge tussen volksgenote in en slaan net dieper wonde.** Daarom kom die O.B. nou al sedert die vorige verkiesing met sy voorstel van 'n VOLKSFRONT. **Laat almal wat eners dink oor groot vraagstukke in ons land, 'n verkiesingsfront skep waarin daar vir die MAN en nie vir die party gestem sal word nie. Laat daar ware volkskandidate staan in pleks van party-kandidate.**

## VOLKSEENHEID OP SPEL

Duisende H.N.P.-lede en ander Afrikaners is begerig dat so'n front gestig moet word, omdat dit die enigste oorbrugging van die huidige kunsmatige verdeeldheid sal wees. Sewe keer reeds het dr. Malan so'n poging tot samewerking van die hand gewys, **en hy het dit gedoen omdat hy gereken het dat O.B.-lede tog in elk geval vir sy party sal stem, of hy hulle vertrap of nie.**

**Laat hy nou in Kimberley-distrik tot die besef gebring word dat alleen deur middel van samewerking daar iets vir ons volk gered kan word, en dat sy beleid van bevegting van goeie volksgenote net tot magteloosheid lei.**

**Stamp hy sy kop hierdie keer, kan die algemene verkiesing oor 'n paar jaar vir ons volk gewen word, en nie weer verloor word soos in 1943 toe dr. Malan samewerking geweier het nie.**

So'n les vir dr. Malan sal ons volk veelvoudig meer ten goede kom as die toevoeging van een stemvee in die parlement meer tot dr. Malan se minderheidsgroepie van 43.

**Hierin lê die betekenis van Kimberley-distrik: Volkseenheid kan daar seëvier of verloor — nie genl. Smuts of dr. Malan nie.**

# KOS NA ENGELAND TEEN GESUBSIDIEERDE PRYS

Volgens 'n verklaring van die Minister van Landbou sal die regering nie voedsel opvorder om aan Engeland present te gee, soos 'n groepie lojale Britte in die land ageer nie, maar het die regering besluit om sekere kossoorte, waaronder suiker, vleis, kaas, droëvrugte, ingemaakte voedsel en konfyt, aan die Britse regering te verkoop teen pryse laer as wat die Suid-Afrikaanse produsent daarvoor kry. **Die rede hiervoor is dat ons pryse hoër is as wat die Engelse vir kos uit ander lande betaal.**

**Hieruit moet afgelei word dat die Britse volk nog so kieskeurig is dat hulle nie voedsel teen dieselfde prys wil koop as wat die Afrikaanse verbruiker daarvoor betaal nie. Dit op sy beurt beteken dat ons in Suid-Afrika 'n baie groter voedselnood het as die mense in Engeland.**

Volgens min. Strauss nooi die Regering die lojale seksie uit om die tekort aan te vul in verband met die opkoop van die voedsel. **Doen hierdie mense dit nie, sal die volk self daarvoor moet betaal.**

# DIE POTSDAM-BESLUITE

(Deur Prof. J. A. Wiid)

Daar het gedurende die afgelope dae **vier gebeurtenisse van wêreldbetekenis** plaasgevind, nl. die Potsdam-besluite, die aanwending van die atomiese bom deur die Angel-Saksers teen die Japanners, die toetrede van Sowjet-Rusland tot die oorlog teen Japan en Japan se vredesaanbod. Gebrek aan plekruimte laat alleen die behandeling van die Potsdam-besluite toe en ons doen dit aan die hand van 'n hoofartikel: **die dokument van Potsdam in Die Vaderland** van 3 deser.

## DIE DOKUMENT VAN POTSDAM

„Die Potsdam-besluite (vergeleke waarby ons ergste verwagtings verbleek het tot wysheid en genade)", aldus die blad, „verskil nie veel van dié wat afkomstig sou gewees het van 'n groep oorwinnende diere nie. Hulle één gemeenskaplike welbehae vind die oorwinnaars in die getjank van die verloorder onder hulle verskeurende tande, en die welbehae is so groot dat hulle onderlinge afguns, diepe wantroue en vrees daarin verlore kan raak. Trouens, die één element wat onmiskenbaar verraai dat Potsdam se resultate per slot van rekening tog mensewerk is, lê in die woordegegogel in die dokument wat die wêreld te lees gekry het. Net mense is daartoe in staat.

## V.S.A. SE AANDEEL

„Dat die Verenigde State deelgenoot word aan so'n wandaad, sal neutrale waarnemers as 'n onaangename skok tref. Daar was 'n gedagte dat die Nuwe Wêreld, getoë in 'n ander atmosfeer as dié van haatdeurtrekte Europa, 'n nugterder bydrae te doen sou hê en moontlik instrumenteel sou wees om die sinkende beskawing van Europa te red. Maar terwyl Amerikaanse koerante aan die een kant die ontstellendste berigte plaas oor die peshol van menslike lyding en onderdrukking en ontbering wat „bevryde" Europa geword het, vind ons aan die ander kant die Amerikaanse regering nog altyd bereid om saam met sommige van die vernietigers van alle fundamentele begrippe waarop die beskawing van Wes-Europa gebou was, die uitroeiing van die laaste reste te voltooi. Groot Amerikaanse industrialiste skyn egter so vooruit te sien na die monopolie wat hulle in die wêreld se nywerheidsmark in die vooruitsig het, dat hulle gewilliglik, deur die vernietiging van alle kanse op herstel van 'n Sentraal-Europese ekonomie, die oorbevolkte Europa tot 'n stinkende agterplaas van verhongerende mense sal maak solank as die beoogde prys hulle nie ontval nie. Dit is die enigste verklaring wat ons kan uitdink vir die Verenigde State se bydrae tot hierdie gedoente, tot 'n stroping van Duitsland nie minder nie as tot veroordeling van die oorblywende Midde-Europa tot permanente ekonomiese verstikking en kulturele ontbinding.

## IS POTSDAM-BESLUITE UITVOERBAAR?

„Want laat ons nou maar hieraangaande onder geen onnodige illusies verkeer nie: Europa kan nie as beskaafde kontinent voortbestaan in 'n bedeling soos dié wat die here in Potsdam uitgedink het nie. Wanneer hulle praat van 'n Duitse ekonomie wat beperk moet word tot „hoofsaaklik landbou en huisnywerhede" (wat waarskynlik sal mag varieer tussen breiwerk en die vervaardiging van koekoek-horlosies), dan behoort hulle te weet dat hulle die ontwikkeling, selfs al kon die tyd in Duitsland, maar nie elders nie, teruggevoer word tot 1850! Wanneer hulle die vernaamste leeftog van een van die wêreld se grootste fabriekslande wil beperk tot die maak van net die masjiene „wat vir binnelandse behoeftes" nodig mag wees (vermoedelik dan net grawe!) dan weet hulle dat in sulke omstandighede drie-kwart van daardie land se inwoners moet omkom van werkloosheid en honger. As hulle egter selfs dan nog praat van berowing en verbieding net totdat „Duitsland genoeg sal hê om van te lewe sonder hulp van buite" (in vergelyking met wat die Amerikane en die Engelse vir hulleself nodig ag om „van te lewe"!) dan bring hulle ons tot eenvoudige, stomme spraakloosheid.

## END VAN DIE OORBLYFSEL?

„Aan al die omringende lande, vir wie se handel en uitvoer en algemene welsyn die industriële hart van Europa wat Duitsland was, 'n letterlike onontbeerlikheid is, het blykbaar nie een van die groot manne van Potsdam gedink nie. Of miskien gaan dit hulle nie aan nie. Wat dit is wat hulle besiel, weet ons nie. Maar dit weet ons: Potsdam (indien hy nie net more of oormore word wat Jalta so spoedig geword het nie) is die begin van die einde van wat Hitler met sy oorloë laat oorbly het in Europa. Amerika mag sy markte kry en Stalin sy menslike slawe, maar van 'n Europese beskawing sou dit die end wees". Aldus Die Vaderland.

* * *

Of die Transvaalse dagblad se uiters sombere toekomsbeeld 'n aaklige werklikheid gaan word, lê in die skoot van die toekoms verborge. Hierdie toekoms sal 'n hele boel vraagtekens moet verwyder. Die regbank van die geskiedenis wat nog geskryf sal word, sal uitspraak moet doen of dit „Hitler se oorloë" was, soos Die Vaderland dit noem, en of daar agter die oorlogmakers soos agter die vredemakers van Potsdam nie miskien duistere magte staan van wie die meeste tydgenote geen benul het nie.

Die dokument van Potsdam dra egter nou reeds die stempel van misdadige kortsigtigheid wat hom nie alleen op die oorwonnenes nie, maar ook op die oorwinnaars lelik kan wreek.

## AAN DIE WERK

Asst.-veldkte. mev. E. Piek, van die Bothaville-kommando het 'n pannekoek-aand gereël om geld in te samel, wat sy toe onder haar lede verdeel het, om mee te woeker vir Fondsdag. Hierdeur word verwag dat elke lid, wat gewillig is, iets sal aankoop vir haar paar sjielings en dit dan net verwerk. Die artikels moet voor die tyd by die Komdte. ingehandig word, sodat lede nog tyd het om hulle eie bydrae te maak. — (Ingestuur).

**Prins Albert-Kommando**
hou
**FONDSDAG-FUNKSIES**
**te ZEEKOEGAT**
**SATERDAG, 18 AUGUSTUS**
vanaf 10.30 v.m.
**te PRINS ALBERT**
**SATERDAG, 1 SEPTEMBER**
vanaf 2.30 n.m.
—o—
ALMAL IS WELKOM!

# Duitse Navorsing deur Geallieerdes Benut

## Uitvinding van Atoom-Bom

Die wêreld het verlede week die skokkende berig ontvang dat wetenskaplikes in Amerika daarin geslaag het om 'n bom te vervaardig wat krag ontwikkel uit die splitsing van die atoom (wat vroeër beskou was as die kleinste bestanddeel van enige stof). So'n bom is 2,000 maal kragtiger as die swaarste bom wat teen die Duitsers gebruik was, en die eerste twee wat op Japanse stede gelos is, het geopenbaar dat drie-vyfdes van die een stad en feitlik die hele van die ander uitgewis is. Al wat lewe, is deur 'n verskriklike hitte en lugdruk verskroei, het die Japanners berig. Albei hierdie stede is groter as Kaapstad. Beweer word dat dit 'n oppervlakte van meer as vier vierkante myl uitwis.

Die uitwerking wat hierdie uitvindsel op die wêreldpolitiek gaan hê, is onberekenbaar en die verskrikking wat dit inhou vir toekomstige oorloë is ontsettend. Dit het Japan gedwing om onmiddellik oor te gee.

### DUITSE UITVINDSEL?

Hoewel die Angel-Saksers in hul eerste aankondigings alle lof vir die uitvindsel aan hul eie hoede wou steek, wil dit tog voorkom of dit eintlik 'n Duitse uitvindsel is, maar dat die Duitsers dit weens die swaar lugaanvalle nie tot volmaaktheid kon bring nie. Pres. Truman het in sy aankondiging gesê dat hulle 2½ jaar gelede daarmee begin het toe verneem is dat die Duitsers met proefnemings besig was.

Die Argus se korrespondent kom egter met die mandjie patats te voorskyn waar hy berig dat die Duitsers „vroeg in 1941" met die navorsing begin het deur o.a. ook gebruik te maak van 'n Deense wetenskaplike, professor Bohr. „Verontrus oor die Duitse vordering op hierdie gebied, het Bohr besluit om die Duitse planne te saboteer en na Engeland te vlug", lui die berig. **Deur middel van ondergrondse bedrywigheid het Bohr die Geallieerdes in kennis gestel van die vorderings en gereeld op hoogte gehou met die ontwikkeling. 'n Gereelde ondergrondse diens is ingestel tussen die Duitse laboratoriums en die Geallieerde spioenasiediens in Swede. „Daarna het die Geallieerdes, met die maksimum kennis tot hul beskikking, oorgegaan tot die offensief".**

In ander berigte is gemeld dat die Duitsers se fabrieke vernietig is deur bomaanvalle, sodat hulle nie die werk kon voltooi nie. Die Duiters het dit blykbaar al so ver gebring dat hulle 'n proefkanon gemaak het wat 'n klein bommetjie afvuur met 'n ontsettende uitwerking. 'n Stuk van die kanon is in Salzburg in die berge ontdek.

# Wolf Praat van Skaap Oppas

Adv. C. R. Swart het verlede week aan die jeug van die H.N.P. in Johannesburg vertel dat die parlementêre stelsel gewysig behoort te word. „Die werking van die Britse demokrasie is in baie opsigte belaglik en dit pas nie by die Suid-Afrikaanse volksaard nie", het hy gesê.

**Nadat dr. Malan 'n paar maande gelede 'n O.B.-voorstel tot samewerking verwerp het op grond daarvan dat die O.B. die afskaffing van die parlementêre stelsel beoog, kan hierdie uitlating van adv. Swart verwelkom word as 'n stap in die O.B.-rigting.** Dit sal ondersteuners van die H.N.P. se oë verder oopmaak vir die beleid van die Ossewabrandwag, **en dan sal hulle wil weet waarom dr. Malan dan nou eintlik weier om met die O.B. saam te werk vir 'n nuwe stelsel.**

Die antwoord op hierdie vraag is egter dat die H.N.P.-leiding nie bereid is om partypolitiek te vervang deur volkspolitiek nie, **want dan sal hulle hul eie party moet inruil vir 'n volksorganisasie, en hul alleenheerskappy moet prysgee. En dit weier hulle.**

● Hulle kan dus ook nie beroepsverteenwoordiging invoer in die plek van partyverteenwoordiging nie, want dit sal ook verdwyning van hul party beteken.


● **Solank die H.N.P. dus weier om met 'n volksfront saam te werk omdat hy vrees vir die verdwyning van die party, solank sal hulle ook nie bereid wees om die parlement te vervang deur 'n stelsel van beroepsverteenwoordiging nie. En solank sal adv. Swart se praatjies maar net verkiesingsbeloftes wees in die aangesig van 'n sterker-wordende anti-parlementêre vloedgolf.**

### BOEREJEUG HOU OPVOERING

Die Observatory-Boerejeug het op 3 Augustus 'n opvoering gehou ter stywing van hul kas.

Voor 'n mooi opkoms, het veldkornette De Klerk 'n skitterende opvoering gegee met die kleinspan, wat baie gelag en toejuiging uitgelok het. Baie van die nommers was so goed, dat die vreemdelinge verwonder was hoe die veldkornette dit so in die kleinspan gekry het, daar die jongste maar 4½ jaar is. Die Veldkornette was dan ook goed beloon met 'n mandjie blomme wat ewe manhaftig deur haar jongste brandwaggie onder groot toejuiging aan haar oorhandig is. — (Ingestuur).

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND.



S. W. MALAN van Bloemfontein.

Op 28 Januarie 1942 in hegtenis geneem. Na vier maande in die tronk na Koffiefontein-kamp. Is voor internering vrygespreek deur 'n hof.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

# *Die Keuse Van Die Enkeling*

## *Saamwerk of Alleen Ondergaan*

**Noudat die oorlog in Europa verby is, begin die stryd van die broodwinner, om vir hom en sy gesin, in 'n wêreld wat in as en puin lê, 'n behoorlike bestaan te vind. Dit is moontlik dat hierdie laasgenoemde stryd meer ongevalle kan eis as wat gesneuwel het tydens die wapenbotsing.**

In die kapitalistiese lande moet oorgeskakel word van 'n oorlogsproduksie wat vir 'n onversadigbare vraag geproduseer het, na 'n vredesproduksie wat vir onderkonsumpsie produseer. Dit moet onthou word dat die oorlogvoerende volke as eenhede genoegsame geld geleen het of krediet geskep het om vir oorlogsprodukte te betaal. **Maar dis die individuele verbruikers in die skoot van die volke wat vir die vredesprodukte moet betaal, en alte dikwels nie daartoe in staat is nie.**

Die volk as geheel, met al sy arbeidskragte en al sy landsrykdomme, is waarborg dat die oorlogsprodukte betaal sal word, **maar elke broodwinner is op homself aangewys om die produkte wat hy vir hom en sy familie nodig het, te bekom. En die broodwinner het enkel koopkrag sodra hy 'n werkkring gekry het.**

In kapitalistiese lande word die harmonie tussen koopkrag en werkkring herstel deur periodieke kapitalistiese erupsies, nl. depressies, en die prys wat 'n volk hiervoor moet betaal is naamlose ellende, werkloosheid, armoede, ondervoeding, agterbuurtes, ens.

### ALMAL SAAM

As oorlog gevoer word, dan word gepraat van 'n totale oorlogspoging. Almal is daarby betrokke, en wel ter bevordering van die oorlogspoging. Niemand mag die poging belemmer nie. Maar as vrede gesluit word, dan breek die tydperk vir kapitalistiese lande aan waarin elkeen vir homself moet sorg deur sy eweknaaste te bekamp of te vernietig; en waarin alleen die kapitaliste hulleself handhaaf as die uitbuiters en base van die res.

**Die groot vraag wat hierdie geslag van die mensdom en ook van ons volk moet beslis, handel oor die aard en wese van die na-oorlogse samelewing, waaraan tans begin bou moet word.**

Gaan ons voortaan die menslike samelewings wat uit die puin van ses jaar se vernietiging moet verrys, tot eenhede uitbou waarin elkeen die belange van almal moet bevorder en waarin geeneen die geheel mag skend of belemmer nie? Of gaan ons terug na 'n kapitalistiese samelewing van botsings — van rykdom en armoede, van partypolitiek en twis, van onmag en ellende?

Dit is die groot strydvraag van ons geslag.

Europa bied vandag vir die mensdom 'n vreeslike dog aanskoulike les. **Daardie volke wat na mindere of meerdere jare van oorlogvoering probeer terugkeer het na 'n kapitalistiese samelewing, het 'n roemlose einde gevind in die moderne barbarisme, nl. die Bolsjewisme.**

Vir ons geslag is daar net een redding. Dit is die Sosiale Volkstaat, gedra deur die gedagtes van nasionale eenheid en sosiale regverdigheid.

# Vergaderings In Kimberley-Distrik

Senator I. Raubenheimer, gebiedsgenl. C. L. de Jager en genl. P. J. Grobbelaar spreek die volgende vergaderings in Kimberley-distrik toe in verband met die tussenverkiesing aldaar:

Andalusia: 22 Aug., 7 n.m.

Kimberley (stadsaal): 23 Aug. 8 n.m.

Du Plooysburg, 24 Aug., 2 n.m.


## AKSIE!

*HANDHAAF U EIE TAAL!*

●

Stuur u naam, adres en 2/6 ledegeld (vir eerste jaar) aan:

SEKRETARIS

*HANDHAWERS-ORGANISASIE*

Posbus 180 — Stellenbosch

## Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| Gemmer | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse tipes) | 2/9 | — |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

WANNEER LEë INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.

Bestel van
EXCELSIOR WYNMAKERY,
(Eien. John Schoeman)
Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

## Eers Partypolitiek, dan Grondbewaring

Die Amerikaanse landbou-attaché, mnr. Charles Enlow, wat so pas by die V.S.A.-gesantskap in Pretoria gevoeg is, het in 'n onderhoud gesê dat die boere van die Unie self moet organiseer om grondverspoeling te beveg. „Boere behoort nie vir staatsoptrede te wag nie", het hy verklaar en bygevoeg dat die boere in Amerika hulself in groepe georganiseer het en enige nodige maatreëls kan neem. Hulle word bygestaan deur deskundiges in hul werk en lesings word aan hulle verskaf deur die Veldbewaringsorganisasie.

Toe die O.B. onlangs begin het om boere te organiseer vir hierdie doel en laertrekkings gereël het waar voorligting gegee en daadwerklike arbeid verrig kon word as 'n klein begin om grondverspoeling te bekamp, het die partypolitieke bewind daar 'n stok voorgesteek deur te belet dat sy amptenare die gevraagde voorligting aan die kampe verskaf. Die verbod het gekom nadat die Departement se afdeling vir grondbewaring reeds klaar reëlings getref het om amptenare te stuur.

In Suid-Afrika doen die regering omtrent niks aan hierdie vraagstuk nie, want daarvoor is die politieke partye te besig met verkiesingsvoorbereidings. En ander groepe word belet om iets te doen omdat dit die regerende party dalk in die skaduwee kan stel. **In Suid-Afrika sal die partypolitieke vraagstuk eers opgelos moet word voordat grondverspoeling aangedurf sal kan word. Partyregerings moet vervang word deur 'n volksregering wie se taak dit sal wees om die welsyn van die land en volk te behartig en nie verkiesings te wen vir die regering nie.**

## O.B.-Krag Groei Op Clanwilliam

### £50 MEER INGESAMEL

Ossewabrandwag-dag is op 4 Augustus op Seekoevlei, distrik Clanwilliam, deur die Jan Disselsvlei-kommando gevier. Genl. J. de Vos en hoofkomdt. S. Kamffer, van die Hoofkwartier, het die funksie bygewoon. Ondanks groot verspoelings en ellendige weerstoestande, was die opkoms besonder goed. **'n Opveiling is gehou van tuisgemaakte artikels en plaasprodukte en die bedrag van £170 is ingesamel, wat £50 meer is as verlede jaar se opbrengs.**

Die vergadering is toegespreek deur genl. De Vos, wat veral die gevaar van kommunisme in S.A. beklemtoon het en daarop gewys het dat die Ossewabrandwag die enigste afweermiddel daarteen is, aangesien die demokrasie, met sy verdelende partypolitieke stelsel magteloos is. Die besielende rede het nuwe hoop in die plaaslike geledere van die Ossewabrandwag aangewakker. — (Ingestuur).

## Die Volk Stel Vrae Oor Parlement

Die parlement is geen wetgewende liggaam meer nie. Onder die partypolitieke stelsel van burgeroorlog het dit verval tot 'n blote propagandamasjien waar elke party vir homself propaganda maak met die oog op die volgende verkiesing. Dit is ook wat erken word deur Die Burger in 'n hoofartikel van 3 Augustus, waarvan die aanhef as volg lui:

„Met sy besluit om nie 'n spesiale sitting van die parlement in September te belê nie, openbaar die regering 'n veelseggende vrees. **Hy is bang om sy kritici te ontmoet . . . .**"

Maar die volk vra homself af:

- As die parlement, wat veronderstel word die wetgewende liggaam van die land te wees, dit nie meer is nie, dog slegs 'n propaganda-buis, **wie moet dan die land regeer?**
- Is dit daarom dat daar geen vraagstukke opgelos kan word nie?
- Beteken dit dan dat die land sonder 'n bestuurstelsel is?
- **Is dit dan nie tyd dat daar iets anders in die plek van die parlement kom om die land te regeer nie?**
- **Is dit moontlik om iets anders in die parlement se plek te stel solank ons nog olie op die parlementêre vuur gooi deur PARTY-verkiesings te voer?**
- **Is dit nie tyd dat die volk met sy hervormings onder begin deur 'n VOLKSFRONT te steun in plek van individuele partye wat net na die parlement gaan om propaganda te maak nie?**
- Sal so 'n volksfront, wat berus op samewerking, nie baie meer vir die land uitrig as 'n politieke party wat voortdurend teen almal en elk stryd moet voer, en dus in die parlement net propaganda moet maak nie?
- **En sal so 'n volksfront nie die eerste stap wees nie na die begeerde VOLKSREGERING wat BEROEPSverteenwoordiging in die plek van PARTYverteenwoordiging sal invoer nie?**

### HARD GEWERK

Die veldkornette van Vredehoek, Duiwekop, Kaapstad, mev. A. Junghans, deel mee dat haar onder-offisiere en brandwagte vanjaar besonder fluks gewerk het i.v.m. 8 Augustus. Die woekergeld, wat getuig van volhardende arbeid, beloop ver meer as verlede jaar, en ook die basaar was 'n groot sukses. Sy wens haar dank te betuig vir hul troue diens, waardeur die veldkornetskap in staat gestel is om groot vooruitgang te toon op verlede jaar se poging.

**Afgesien van moeilike omstandighede het ons groot voorrade wat ons instaat stel om die kieskeurigste man te voorsien van 'n netjiese pak klere.**

**VAN ZYLS**

**DIE KLEREMAKERS**

**DIE PAARL**

*Alombekend vir hul opregte en billike behandeling.*

*Skryf om Maatvorms.*

# LIDMAATSKAP OF VRIENDSKAP?

## Verskil Tussen O.B.-Gedagte en Die Van Politieke Partye

**„Kom terug na die moederhuis. Julle is welkom, maar ons eis lidmaatskap en onverdeelde trou."**

Met hierdie woorde nooi die H.N.P.-leiding by monde van mnr. Eric Louw die volk uit om 'n aandeel te neem in die volkstryd. (Die Burger, 6 Aug.). **Om 'n bydrae te kan lewer in belang van jou volk, moet jy dus eers lid word van die H.N.P. en onverdeelde trou daaraan sweer. Jy mag geen ander mening oor sake daarop nahou as wat die H.N.P.-leiding aan jou voorskryf nie. En een van hierdie voorskrifte is dat jy 'n vyand moet sien in elke ander Afrikaner wat nie lid van die party en gehoorsaam aan dié se leiding is nie. Alleen dan is jy bevoeg om 'n aandeel te neem in die stryd van jou volk.**

Dit is die grondslag van 'n politieke party.

### DIKTATUUR

Dit moet vir elkeen duidelik wees dat jy langs hierdie weg nooit volksamewerking sal kry nie. Dit is te veel van 'n diktatuur. Die Afrikaner sal hom nie aan 'n diktatuur laat onderwerp wat vir hom selfs voorskryf hoe hy oor politieke sake moet dink, en wat, as hy nie gehoorsaam nie, hom die reg ontsê om 'n bydrae in belang van sy volk te lewer nie.

### SONDER LIDMAATSKAP

Dit is trouens hoe 'n diktatorstaat ontwikkel: Dit begin by 'n party wat alle ander volksgenote uitsluit. **Eers nooi dit uit, maar later skop dit uit.** Dan kry mens die groot suiwerings waarvan die Kommunistiese party in Rusland sulke treffende voorbeelde lewer, en dr. Malan se party reeds nou al simptome begin vertoon.

Die Ossewabrandwag se resep vir volksamewerking en uiteindelike eenheid is: **Moenie in die eerste plaas kyk na lidmaatskap nie. Soek samewerking op elke punt waar daar eenstemmigheid is, en laat dit 'n samewerking wees op grond van volksgenootskap en nie partygenootskap nie.** As ons eers geleer het om op die groot sake saam te werk, sal ons ook spoediger tot algehele samewerking en eensgesindheid geraak. **Daarom pleit die Ossewabrandwag vir die stigting van 'n volksfront waaraan alle volksgenote kan deelneem in verkiesingstyd sonder lidmaatskap aan die een of ander politieke party.**

Dit is die verskil tussen die partygedagte en volksbeweging-gedagte: Die party EIS lidmaatskap voor vriendskap. Die O.B. soek vriendskap voor lidmaatskap.

## Tiervlei Presteer Te Midde Van Oorstroming

**Die kommando's van Tiervlei het op 4 Augustus by geleentheid van O.B.-dag een van die skitterendste prestasies behaal deur op 'n oomblik toe alles in die omgewing feitlik onder water was en die hele pers in beroering was oor die verskriklike oorstromings, 'n basaar te hou wat £60 opgebring het. Talle offisiere en lede kon weens die verspoelings nie teenwoordig wees nie. Hoe hulle dit in sulke omstandighede reggekry het, verbaas alle buitestaanders. Dit getuig egter van die staal binne die Ossewabrandwag.**

**'n Goeie opkoms en 'n pragtige gees was die kenmerke van die funksie. Genl. G. Retief het die basaar geopen nadat die plaaslike leraar 'n kragtige gebed gedoen het. Mooi musiek is verskaf deur die O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel.**

**Die kommando is veral dankbaar vir die mooi geskenk van die firma Louw en Louw — 'n pragtige O.B.-wapen op klip uitgekap. — (Ingestuur).**

## Die Burger oor Churchill

Die Burger, in die hoek gejaag deur die pragtige voorbeeld wat die Britse verkiesing bied van die verrotheid van die partystelsel, probeer sy lesers troos met die verduideliking dat hierdie verkiesing nou juis aantoon hoe 'n goeie stelsel die partystelsel is — dit gee die volk die geleentheid om vir bepaalde doeleindes bepaalde leiers te kies!

**Die Afrikanervolk wil egter niks te doen hê met 'n stelsel wat die Engelse die geleentheid bied om vir hulle 'n OORLOGS-leier te kies wanneer OORLOG nodig is, maar vir Suid-Afrika 'n oorlogsleier opdring wanneer ons 'n VREDE-leier wil hê nie — soos op 4 Sept. 1939!**

Die Burger kom dan nog met die storie dat Churchill 'n verstokte kapitalis is en daarom ongeskik was vir die na-oorlogse politiek.

Die feit is dat as Churchill binne 'n stelsel kon werk wat volksleiding moontlik maak, hy vanself sosialistiese leiding sou aangegee het wanneer die volk dit begeer, **want dan sou hy een wees met sy volk.** As partyleier egter MOES hy standpunt inneem teen die Sosialistiese (Arbeiders) Party en daarom kapitalisme verkondig — **net soos genl. Kemp voor 1939 anti-republikanisme moes verkondig het TEEN die republikeinse Nasionale Party, maar tans republikanisme verkondig teen die onrepublikeinse Verenigde Party. As partyleier MOET hy dit doen of hy wil of nie. As volksman sou genl. Kemp waarskynlik konsekwent republikanisme verkondig het.**

Om in te skakel by die parlementêre stelsel MOES Churchill ook standpunt inneem by die Konserwatiewe Party — 'n party wat hy tevore al eenmaal verwerp het — en het hy, die VOLKSMAN, ondergegaan as PARTY-leier. Was dit nie vir die partystelsel nie, bestaan daar geen twyfel dat die Britse volk Churchill sou gekies het nie.

### DISKWALIFIKASIE

„Hy het vir homself aanspraak gemaak op die reg om self te dink. Bygevolg was hy nooit 'n goeie partyman nie". So het V.A.K. in Die Burger van 28 Junie oor Winston Churchill geskryf.

# Brief Aan My Demokratiese Vriend In Kimberley

## Grootmoedigheid Nodig

Geagte Volksgenoot, — Jy skryf dat jy die laaste tyd baie onder die indruk gekom het van die noodsaaklikheid om saam te werk. Jy sien groot gevare wat ons volk bedreig, en tensy ons soos een man saamstaan, sal ons beslis ondergaan. Ek het geweet dat jy so moet voel, want geen mens by sy gesonde verstand kan vandag hoop om langs die weg van verdeeldheid en twis iets vir sy volk verrig te kry nie. Maar nou gaan jy verder en jy spreek die mening uit dat ons daarom alle O.B.-lede in Kimberley-distrik opdrag moet gee om op 5 September vir die H.N.P.-kandidaat te stem.

### GROOTMOEDIGHEID

Ons moet grootmoedig wees, sê jy, en die stryd van die verlede vergeet. Jy is reg: sonder grootmoedigheid kan niemand staatkunde of politiek beoefen nie. Maar laat ek jou maar dadelik hierdie vraag stel: Het jy al ooit in jou lewe grootmoedigheid binne die partypolitiek teengekom? Binne hierdie stelsel veg elke man net vir homself en sy eie party. Klein foutjies van die opposisie word onder die vergrootglas gebring en van molshope word berge gemaak. Jy sal nooit hoor dat 'n politikus iets goeds opmerk van sy teenstander nie. Nee, sy teenstander is die absoluutheid van onbekwaamheid en bedorwenheid net soos hyself die volmaakte en foutlose is. Daarom beveg die Ossewabrandwag die partystelsel, want dit laat geen plek vir grootmoedigheid en daarom vir staatkunde nie.

En wat is die tussenverkiesing in Kimberley-distrik anders as maar weer een van die soveelste wedstryde tussen die twee politieke partye van die land? Dit is maar net weer 'n bestendiging en 'n versterking van die partypolitieke gees van twis en tweedrag. Tensy daar 'n volkskandidaat gestaan het, wat sy kiesers sal verteenwoordig en nie die een of ander party nie, kan die O.B. nie sy mense aanmoedig om te gaan rol in die modder van partypolitieke twis nie.

Ek voel darem gevlei dat jy die grootmoedigheid aan ons kan probeer soek, en nie aan die kant van die partypolitici nie, waar jy — net soos ek — natuurlik nie verwag om dit te kry nie. Ja, sien, die O.B. voer nie die stryd daar in Kimberley-distrik nie. Ons sien op die oomblik geen heil daarin om die volk tot tweedrag daar te gaan opsweep nie.

### HY SKOP LIEWER UIT

Die man wat voorgee dat hy namens die volk daar strydvoer, is dr. Malan. Die grootmoedigheid moet dus deur hom geopenbaar word. As daar enige grootheid in hom steek, is dit nou die kans om dit te openbaar deur aan die volk te verklaar dat hy die verlede vergeet en die hand van samewerking uitsteek. Maar in plaas van dit te doen, reik hy in Kaapland 'n bevel uit wat alle O.B.-lede wat nog verkies het om vir sy party te werk, uitskop. In Kaapland is daar vandag geen enkele O.B.-lid wat nog lid van dr. Malan se party is nie, al is daar duisende wat nie uit die party bedank het nie. Alle O.B.-lede is kragtens bevel van die hoofraad van die H.N.P. op 15 Junie uitgeskop of hulle bedank het of nie. Hulle lidmaatskap verval outomaties, d.w.s. deur hulle name word 'n rooi streep getrek, selfs al wil hulle nie bedank nie.

Nou verwag jy dat ons hierdie mense moet vra om tog maar grootmoedig te wees en vir dr. Malan te gaan stem. Waarom skop dr. Malan hulle uit? Natuurlik omdat hy hulle nie vertrou nie. Hy sê hulle ondermyn sy party. Maar as hy hulle gevaarlik beskou vir sy party, verwag hy tog seker nie dat hulle sy party sal bevoordeel deur vir hom te gaan stem nie, of hoe? As ek dr. Malan se party wil ondermyn deur lid daarvan te wees, sal ek mos nie hom sterker gaan maak deur vir hom te stem nie. **As dr. Malan dus verwag dat hierdie mense tog maar vir hom moet stem, is die rede wat hy opgee vir hulle uitskoping nie die regte nie. Dan skop hy hulle uit nie omdat hulle sy party ondermyn nie, maar omdat hy kwaad is vir hulle weens die feit dat hulle nie die O.B. wil bedank nie, soos hy hulle versoek het om te doen.**

### WIL O.B. NIE ERKEN NIE

En dit is mos die man wat kwaad is vir sy broer wat grootmoedigheid moet betoon. Die O.B. het mos al tot vervelens toe die hand van vriendskap sowel as ondersteuning uitgesteek na dr. Malan. 'n Paar weke voor sy uitskopbevel nog het die O.B.-leier 'n aanbod van samewerking aan dr. Malan en ander leiers gerig. Jy weet wat dr. Malan geantwoord het. Hy wil die O.B. nie erken as 'n politieke faktor nie.

Dit is soos 'n veldheer wat nie 'n berg wil beset voor die vyand nie, omdat hy weens koppigheid weier om te erken dat daar 'n berg op die slagveld is. Sê nou oom Piet Joubert het die oggend van 27 Februarie 1881 kwaad geword omdat die Engelse op Amajuba was, en hy het gesê: Ek weier om te erken dat hulle op 'n berg is. Wat dink jy sou van die Eerste Vryheidsoorlog geword het? 'n Groot man moet mos rekening hou met feite, en nie bloot met die begeertes van sy hart nie.

**Of dr. Malan dit graag wil erken of nie, die feit is dat die O.B. 'n politieke faktor is, en as hy hom nie as sodanig erken nie, mislei hy nie net homself nie, maar ook die volk.**

**Laat dr. Malan dus grootmoedig wees en die O.B. erken, en dit sal nie vir jou nodig wees om by die O.B. te kom pleit om hulp nie.**

Volgende keer hoop ek om op jou ander argumente in te gaan.

## DEMOKRASIE EN SEGREGASIE

Daar het verlede jaar in Londen 'n baie interessante boek verskyn, saamgestel onder leiding van prof. Charles S. Johnson van Fisk-Universiteit in Amerika, getitel „Patterns of Negro Segregation", wat aantoon hoe die neger nog steeds byna oral in Amerika gesegregeer word, nieteenstaande die befaamde Amerikaanse liberalisme. **Die skrywers erken die feit, maar betreur dit, want hulle is demokrate en hulle beweer ten stelligste dat dit „onmoontlik is om rasse-segregasie in 'n demokrasie te verdedig".**

**Ook by ons wil demokrasie en segregasie ook nie baie mooi saamtrek nie.**

## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Wil Duitse Godsdiens „Suiwer" — Dog Geen Predikant

Die Geallieerde besettingsowerheid in Duitsland vind dit uitermate moeilik om hul program van „heropvoeding" — soos die uitskakelingsproses van Duitsland as politieke en ekonomiese mededinger heet — uit te voer. Aan die een kant dwing die Russiese politieke opmars hulle om haastig te handel ten einde te verhoed dat die Duitse volk ten prooi van Russiese Bolsjewisme val, maar aan die ander kant stamp hulle voortdurend hul kop teen die Duitse nasionalisme.

Die jongste poging is op godsdienstige gebied. Daar moet 'n godsdienstige leier gevind word wat die Duitsers mak sal maak vir die westerse demokrasie. Die oog is natuurlik gehou op die bekende dr. Niemöller wat 'n paar jaar lank in 'n interneringskamp aangehou was weens sy verset teen die Hitlerbewind. Hy is dan ook met groot ophef „bevry," en persmanne het reggestaan om sy ontboeseming teen Duitsland op skrif te stel. **Niemöller het egter verklaar dat hy net op een punt verskil het van die nasionaalsosialisme en dit is dat dit beslag wou lê op die menslike gees.**

Nou berig die Geallieerde pers dat die Duitse godsdiens gesuiwer moet word, maar dat geen predikant gevind kan word om dit te doen nie, want hulle is te politiek-bewus. **„Hierdie beperkings is ook van toepassing op pastor Niemöller, wie se uitgesprokenheid die militêre owerheid se taak belemmer het.** Die lesing wat hy vir Amerikaanse soldate sou gee, is afgestel omdat hy sou gesê het dat die Duitsers in tyd van oorlog graag vir hul vaderland veg, reg of verkeerd. **Daar is nou min kans vir pastor Niemöller om gevra te word om die hoof van 'n protestantse kerk in Duitsland te word."**

# Toe Het Hy Die O.B. Probeer — Met Welslae

***Nog verdere getuienis stapel op dat DIE O.B. weens sy wye leserskring die beste blad vir advertensie-doeleindes in die land is. Dit het al dikwels gebeur dat adverteerders hul advertensies terugtrek voor die bepaalde tyd, omdat hulle oorstroom word deur navrae as gevolg van een of twee plasings in ons blad. So skryf mnr. P. J. W. Schutte van Ventersdorp as volg aan ons:***

***„Ek bedank u vir die plasing van my advertensie van die snymasjien en twee ploeë. Met die een enkele plasing het ek alles verkoop. Ek kon nog meer verkoop het as ek net gehad het. Ek het dieselfde gereedskap in 'n boerderyweekblad asook in 'n Afrikaanse koerant sonder sukses geplaas. Net een plasing in DIE O.B. en alles is reg. Lank lewe DIE O.B. en mag die dag aanbreek dat nie een enkele Afrikanerhuis sonder DIE O.B. sal wees nie".***

## BRITSE ATOOM-BOM IN SUID-AFRIKA

Die hele wêreld is verbaas oor die vernietigende krag wat ontstaan uit die splitsing van die atoom. Dit is egter geen nuwe proses om vernietiging te veroorsaak nie. Die partystelsel wat die Engelse in Suid-Afrika ingevoer het, berus op dieselfde grondslag. **Dit splits 'n volk en die vernietiging wat uit daardie splitsing voortvloei, is so groot dat Suid-Afrika vandag dreig om van die aardbol te verdwyn.** Vernietiging uit splitsing is dus 'n ou Britse oorlogswapen en dit word in Suid-Afrika bewerkstellig deur die partystelsel. En soos kindertjies met 'n bom speel, so is ons volk tans nog weer in Kimberley besig om met hierdie gevaarlike Britse bom te speel.

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

*£1000 vir u Oë*
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
*DUWAS*
*Die Antiseptiese en Helende Oogwas. — 5/- posvry.*
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
DIE VOORTREKKER-APTEEK
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).

